# Afrikaans

## WEEK 10
## DINSDAG

## Graad 5

(Bron: Via Afrika)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# KUNS EN KULTUUR:

## Volg instruksies:

Luister mooi na die instruksies en volg dit noukeurig in die regte volgorde om 'n trom te maak.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om ’n trom te maak.

**Benodighede:**

- Koffieblik
- Dun draad of tou
- Binneband
- Stokke



**Metode:**

1. Sny die boonste deel van die blik af.
2. Sny die binneband bietjie breër as die boonste deel van die blik.
3. Bedek die boonste deel van die blik met die binneband.
4. Bind die binneband vas met met tou of draad.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Beskryf 'n proses

- Wanneer jy die trom gemaak het, beskryf die proses in die korrekte volgorde vir jou ma/pa.
- Wys die verskillende dele van die trom vir hulle.
- Gebruik verbindingswoorde soos eerstens, tweedens, volgende en laastens.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER: Deeltekens

**Lees die sin:"** Sny die binneband 'n bietjie **breër** as die boonste deel van die blik." Die woord breër word met 'n **deelteken** geskryf. Deeltekens word gebruik om lettergrepe te skei waar klinkers(a,e,i,o,u) langs mekaar voorkom en om die uitspraak daarvan makliker te maak.

**Gebruik 'n woordeboek om vas te stel waar die deelteken in die volgende woorde gebruik moet word en skryf dit neer.**

1) koeel
2) geeet
3) driee
4) spieel
5) priele

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SKRYF: Kreatiewe storie

Verbeel jou jy is ’n stuk houtstomp wat deur ’n trommaker opgetel is.

Vertel lekker kreatief met baie mooi **beskrywende woorde**, **vergelykings** en **idiome** hoe jy van **stomp tot trom** verander. Jou storie kan so tussen 120 en 200 woorde lank wees.

ONTHOU OM DIE **SKRYFPROSES** TE VOLG:

1) Beplan.
2) Skryf die rofwerk.
3) Redigeer jou werk.
4) Skryf netjies oor!

JOU STORIE MOET TEEN **VRYDAG** KLAAR WEES. Jy kan elke dag ’n stukkie aan jou storie werk.





Laerskool Mikro Kopiereg ©